# Huishoudings ervaar die druk

**Liberty Life verbruikersekonoom, Tendani Mantshimuli**

*Ondanks ‘n mate van verligting sukkel huishoudings met groot skuld en bly verbruikers huiwerig om te bestee.*

Gedurende die eerste helfte van die jaar was daar ‘n mate van verligting vir verbruikers. Sedert Desember het rentekoerse met 500 basispunte gedaal en het inflasie van 8.6% in Februarie tot 6.9% in Junie gedaal. Dit was deels te danke aan ‘n daling in voedselpryse, wat goeie nuus is vir verbruikers. Petrolpryse het ook in Augustus gedaal, hoofsaaklik vanweë die sterkte van die randwisselkoers in daardie tydperk.

Die verligting het egter nie uitgeloop op besteding nie, soos blyk uit die dalende kleinhandelsyfers vir die tweede kwartaal van die jaar. Dit is ‘n gevolg van die hoë skuldvlakke waaraan verbruikers onderworpe is. Die vlak van huishoudelike skuld in verhouding tot besteebare inkomste is steeds aansienlik hoër as 70%.

Die enigste manier waarop verbruikers hul skuldvlakke kan verlaag, is waar die bykomende inkomste wat deur laer rente- en inflasiekoerse gegenereer word, vir die vermindering van skuld aangewend word. Die goeie nuus is dat die koers waarteen verbruikers nuwe skuld aangaan, tot rekordlaagtes gedaal het. Die totale kredietverlening in die private sektor het in Junie met net 4.6% gestyg. Dit is deels daaraan toe te skryf dat verbruikers toenemend waaksaam is teen die aangaan van verdere skuld, aangehelp deur die strenger uitleen-kriteria waaraan banke tans potensiële leners onderwerp.

Die vernaamste banke se halfjaarresultate weerspieël die verknorsing waarin verbruikers is. Slegte skuld het in alle kategorieë toegeneem: huislenings, voertuig- en batelenings, sowel as agterstallige kredietkaartbetalings.

Daar is ook aanduidings dat ‘n toenemende aantal huise in die mark is omdat paniekerige eienaars genoodsaak voel om te verkoop. Die groter beskikbare voorraad dwing huispryse verder af.

Die finansiële druk op verbruikers is wydverspreid en mense moet derhalwe nie dink hulle is ‘n uitsondering op die reël nie. Tydens die huidige verswakte ekonomiese klimaat neem die aantal afdankings toe namate maatskappye se winsgrense onder druk kom. Dit is belangrik om met jou bank in aanraking te kom as jy jou vanweë afdanking of ander redes in ‘n posisie bevind waar jy nie die paaiemente op jou lening kan volhou nie. Banke sal bereid wees om ‘n oplossing te beding wat vir albei partye voordelig is, veral as daar lig aan die einde van die tonnel is. Die feit dat die tweede kwartaal se bruto binnelandse produk (BBP) minder negatief was as wat verwag is, is ‘n aanduiding dat ons kan hoop om eersdaags botsels in die plaaslike ekonomie te sien.

## *Ekonomiese oorsig*

Ekonomiese gegewens wat onlangs bekend gemaak is, het ‘n gemengde oorsig gegee van die Suid-Afrikaanse ekonomie se vertoning. Die BBP het vir die derde agtereenvolgende kwartaal afgeneem deurdat dit in die tweede kwartaal verder gedaal het. Op -3% was die afname egter minder as die helfte van die vorige kwartaal s’n, wat die hoop versterk dat die resessie miskien sy draaipunt bereik het. Aan die ander kant dui hoëfrekwensie gegewens daarop dat ‘n herstel lank en uitgerek sal wees. Suid-Afrika volg op die hakke van die tentatiewe tekens van herstel wat in die vernaamste wêreldekonomieë sigbaar is. As die herstel wel posvat en die internasionale verbruikersvraag verbeter, sal uitvoere in die vervaardigingsektor uiteindelik daarby baat vind en sodoende aan binnelandse vervaardigingsopbrengs ‘n hupstoot gee. Die vervaardigingsektor was juis verantwoordelik vir omtrent die helfte van die laaste kwartaal se afname in BBP.

Die meeste sektore van die ekonomie het, hoewel nog in ‘n afwaartse fase, ietwat matiger vertoon as in die eerste kwartaal, toe ‘n aansienlike verswakking waargeneem is. Een van die uitsonderings was die groot- en kleinhandelsektore wat bly afneem het en ‘n duidelike weerspieëling is van die druk wat verbruikers steeds ervaar.